

AKKREDITASIE VIR VOORKEUR-HANDELAARS

Akkreditasie is 'n gevorderde program wat 'n vennootskap vorm tussen SARS en kliënte wat 'n toepaslike rekord van nakoming en finansiële stabiliteit het, en 'n hoë kwaliteit van interne operasionele prosesse en rekenaarsstelsels handhaaf. Daarteenoor bied SARS-doeane bepaalde voordele aan hierdie kliënte.

Die vorige akkreditasie-skema was aangepas in die reëls tot die Wet op Doeane op 29 Julie 2011 en die program is gesluit. Vorige bestaande kliënte word nou geag om op 'n vlak een akkreditasie-status te wees en sal die voordele behou wat reeds aan hulle toegeken is, tot die inwerkingstelling van die nuwe wette op doeane, wat dan alle vlak een kliënte beëindig.

Die inwerkingstelling van 'n vlak twee akkreditasie-program, met intreding 1 Augustus 2011 (ook bekend as voorkeur-handelaar) is in reaksie op die behoefte om handelsfasilitering verder te verbeter, terwyl internasionale leweringskettings beveilig word en verhoogde nakoming aangemoedig word.

Om hierdie doel, sluit die akkreditasie-reëls nou 'n toets van genoegsame kennis, voorsiening vir 'n doeane verhoudingsbestuurder, die aanstelling van 'n doeane akkreditasie hersieningskomitee en 'n nakomingmetingsprogram in.

Die voorkeur-handelaarsprogram is gebaseer op internasionale standaarde soos omskryf in die hersiene Kyoto Konvensie en is gemik om Doeane te versterk tot sake-vennootskappe. Die SARS-voorkeur-handelaarsnakomingsprogram is ontwerp om gelykstaande te wees aan die Europese Unie (EU) Gemagtigde Ekonomiese Operateur (AEO) nakomingsmodel.

Wat is die voordele van die skema?

SARS belowe geakkrediteerde kliënte bepaalde voordele gekoppel aan vlak twee status:

- Die aanstelling van 'n doeane verhoudingsbestuurder, wat die taak opgelê is om die verhouding tussen die kliënt en Doeane te fasiliteer
- Vermindering in die hoeveelheid sekuriteit vereis vir nakoming met 'n doeane-proses
- Minder roetine dokumentêre en fisiese inspeksies
- Prioritiserings van 'n versoek vir tarief- en waardebevestigings
- Prioritiserings van toegang tot nie-indringende inspeksie-tegnieke wanneer goedere gestop of teruggehou word vir inspeksie.

Binne die SACU (Suider-Afrikaanse Doeane Unie) se streeks-voorkeurhandelaarsprogram (PT), kom kliënte wat 'n voorkeur-handelaarstatus toegeken is in hul onderskeie doeane-administrasies, in aanmerking vir die voorgeskrewe SACU PT voordele. In lyn met die SACU-program, het SARS-doeane die versoek om aanpassing aan wetgewing ingedien om die bykomende voordele in te sluit. Na gevolg van die aansoek, is die versoekte bykomende voordele in die staatskoerant gepubliseer, wat die volgende is:

Bykomende voordele:

- Prioritiserings en bespoediging van inspeksies
- Die toelating, op versoek, van inspeksie van goedere by die kliënt se perseel, ongeag die soort goedere
- Voorkeur-prosesserings van verklarings wat elektronies ingedien is ingevolge reël 101A.

Watter kliëntsoorte kan geag word as geakkrediteerde kliënte?

Slegs 'n geregistreerde invoerder en/of uitvoerder, insluitend enige invoerder en/of uitvoerder geag as vlak een geakkrediteerde kliënt ingevolge reël 64E.10(a), kan aansoek doen om deel te wees van vlak twee van die akkreditasie-program. Ander kliëntsoorte sal op 'n latere stadium ingesluit word.

Wat is die vereistes vir akkreditasie?

- Kliënte moet verseker dat die aansoekers, die persoon wat die aansoeker bestuur en die werknemer verantwoordelik vir doeane-akkreditasie aangeleentheid, is/was/het nie:
 - Aan 'n oortreding skuldig bevind wat bedrog en oneerlikheid insluit nie;
 - Van enige oortreding skuldig bevind ingevolge die Wet;
 - 'n Administratiewe boete gely oor 'n tydperk van drie jaar, wat die aansoek onmiddellik voorafgaan ten opsigte van enige oortreding ingevolge die doeane- en aksynswetgewing, wat as ernstige oortredings geag word wat oneerlikheid, opset of omkoperij.

- Kliënte moet seker maak dat hulle nie skuldig bevind is aan enige oortreding ingevolge:
 - Artikel 59 van die Wet op Toegevoegde Waarde, nr. 89 van 1991; of
 - Artikel 104 van die Wet op Inkomstebelasting, nr. 58 van 1962.
- 'n Toepaslike boekhou- en logistiekstelsel is 'n vereiste en die aansoeker moet:
 - Elektronies kommunikeer deur as gebruiker te registreer ooreenstemmig die bepalings van artikel 101A. Hierdie bepaling sluit nie die gebruik van 'n doeane-makelaar/klaringsagent uit nie;
 - 'n Volledige ouditspoor van alle doeane-aktiwiteite handhaaf;
 - 'n Rekord hê van verifieerbare prosedures vir rugsteun, herkryging, berging en terugvinding van bedryfsrekords;
 - 'n Doeltreffende rekordhoudings- en operasionele stelsel hê, konsekwent met algemeen-aanvaarde boekhoubeginsels.
- Aansoeker moet oor voldoende kennis van doeane beskik. Die aansoeker moet 'n werknemer aanwys wat verantwoordelik sal wees vir doeane-aangeleenthede en die persoon moet 'n assessering voltooi wat deur SARS se Instituut van Kennis geadministreer sal word.
- Aansoeker moet bewys lewer van voldoende finansiële hulpbronne:
 - Geouditeerde finansiële state van die bedryf vir die afgelope drie finansiële jare;
 - Waar sodanige state nie beskikbaar is nie, genoegsame bewys van lewensvatbaarheid van die bedryf, wat bewys van beskikbare finansiële hulpbronne van watter aard ook al kan insluit.

Wat is die akkreditasie-proses vir invoerders en uitvoerders?

Aansoeke word ingedien by die toepaslike SARS-doeane-takkantore waar daar 'n bepaalde proses is om te volg; waarna dit na die hoofkantoor gestuur word vir finale besluitneming. Die kantore is:

- Kaapstadkantoor - P166, Sanlamgebou, 15de vloer, Hans Strydomrylaan 22, Kaapstad;
- Durban - Albany Huis, ooste vleuel, 3de vloer, Margaret Mcandirylaan 61/62, Durban;
- Gauteng-Suid - SARS Huis, eerste vloer, New Quaystraat 49, New Redruth, Alberton;
- Gauteng-Noord - OR Tambo Internasionale Lughawe, New Agents-gebou;
- Port Elizabeth - Sanlamgebou, Winston Ntshonastraat 3, Port Elizabeth.

Die aansoekproses sluit die volgende in:

- Evaluering van die inligting verskaf in die aansoekvorm;
- Uitvoer van 'n inspeksie (die kliënt sal ingelig word van die plek van inspeksie en sal gekonsulteer word oor 'n datum); en
- Kennisgewing aan die aansoeker van die uitkoms en ondertekening van die ooreenkoms indien goedgekeur.

Watter vorms moet voltooi word?

- [SC-CF-06-A1 - Request for information and self-evaluation](#);
- [DA186 - Application for Customs and Excise accredited client status](#)
- [Accreditation agreement of clients - Rule 64E.09\(3\)](#).

Vir meer inligting, verwys na die *Guide for Accreditation* [SC-CF-07](#). Dit sal jou help met die voltooiing van die aansoek en ander bepalings vereis vir die moontlike aanvaarding tot vlak twee akkreditasie-status.

Vir navrae met betrekking tot voorkeur-handelaars, skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277.